Link Seed se sojas ideaal vir wisselbou

WESSEL PRETORIUS, BEMARKINGSDIENSTE, LINK SEED

Sojabone is nou reeds goed gevestig as 'n staatmaker- alternatiewe gewas in Suid-Afrika en veral as deel van 'n wisselbouprogram met mielies.

Die voordele van so 'n wisselbou-stelsel sluit in:

- Die beskikbaarstelling van waardevolle stikstofvoeding aan die opvolggewas;
- Makliker beheer van swamsiektes en onkruide op mielies;
- Algemene bevordering van grondkwaliteit;
- Verminderde risiko met sojas as alternatiewe- of addisionele gewas in ons wisselvallige klimaatstoestande;
- Ideale gewas om ná winterkoring te sorg vir twee produksies binne een seisoen.

Met verbeterde genetika neem sojabone se opbrengspotensiaal toe en saam met die huidige markpryse kan dit aansienlike finansiële voordele inhou.

Met dit alles in ag geneem, bied Link Seed vanjaar 'n uitgebreide reeks kultivars aan, aangepas om in al die produksiegebiede uitstekend te presteer.

So 'n reeks is egter net volhoubaar deur toegewyde planteteelt, navorsing en evaluering.

Nuut uit ons teelprogram

LS 6240 R: is in die vinnige groeiklas aanvullend tot die bekende LS 6444 R met goeie peulhoogte vir 'n vinnige variëteit, uitstekende staanvermoë en hoë opbrengspotensiaal. LS 6240R is goed aangepas vir wye en nou rye. LS 6453 R: is 'n medium groeiklas-variëteit met wye aanpasbaarheid en uitstekende opbrengs. Hiermee gepaard het LS 6453R uitstekende staanvermoë, goeie peulhoogte en is aangepas vir droëland en besproeiing.

LS 6466 R: is 'n groep 6-groeiklas-variëteit met 'n uitstaande opbrengs-potensiaal. Oesverliese word beperk met 'n baie goeie peulhoogte en goeie weerstand teen oopspring. Dit is baie goed aangepas in die gematigde en warm produksie-gebiede.

LS 6261 R: val in die medium groeiklas en het 'n korter, regop groeiwyse met smal blare. Hierdie variëteit toon wye aanpas-baarheid in al die produksiegebiede. Dit is naasbeste in die 2013 LNR proewe vir die matige lokaliteite.